

Stappie

NUUSBRIEF VAN DIE ATLETE VIR CHRISTUS

BLOUVLEIWEG 56, WELLINGTON 7655

JAARGANG 19, NOMMER 1

MAART 2012

Eerste toerpa preek wêreld vol

Atlete vir Christus se eerste toerouers, oom Bombaai en tannie San van Rensburg (T75,76), is vinnig op pad na 90 jaar toe, maar hulle is steeds baie bedrywig. Op die oomblik is hulle by 'n Engelse Metodiste gemeente op Ladismith behulpsaam. Dit is nie vir hom vreemd om die Woord in Engels te bedien nie, want ná sy aftrede in 1989 was hy vir 'n hele paar jaar Isle of Skye in Skotland se predikant.

Oom Bombaai vertel dat hy nog steeds die blou Atlete-trui dra wat Pep Stores vir die eerste toer geskenk het. Die blou trui was die formele optreeklere, voordat daar baadjies was.

Oom Bombaai se naam kom 'n lang pad. Hy vertel: "Ek het in 1940 gematrikuleer. Alhoewel ek daardie jaar belydenis van geloof afgelê het, het ek geen geloofsekerheid gehad nie. Daar was egter 'n sterk begeerte om seker te wees. Tydens die Pinksterdienste van 1941 het die Here ds MS Joubert gebruik om my tot sekerheid te lei. Ek en my oorlede tweelingbroer het albei vir die Poskantoor gewerk.



Tannie San en oom Bombaai tydens die feesdiens wat hy gelei het toe die VGK Wellington in Oktober verlede jaar 70 jaar oud was

Ryk oes

Vanjaar se toergroep het 'n ryk oes tweede geslag-Atlete opgelewer.

Sewe lede van die toergroep se ouers was ook Atlete. Foto's en 'n kort profiel oor elkeen verskyn elders in hierdie uitgawe.

"Een middag in die *Post and Telegraph School* het ek die oortuiging gekry dat ek 'n sendeling moet word. Geld was daar nie. Toe ek later in die Immigrasie-Departement gewerk het, het ek baie paspoorte van jongmans wat Bahrein-Eiland toe gaan, gesien.

"Toe ek hoor dat hulle daar vir 'n oliemaatskappy gaan werk en baie geld verdien, was ek oortuig dat dit my geleentheid was. So het ek my eerste kennis van Bombaai opgedoen, want ons het per skip van Durban na Bombaai gevaar (deesdae bekend Mumbai). Vandaar per trein na Pakistan. Toe verder gevlieg na Bahrein.

"Met my terugkoms moes ons weer via Bombaai kom. Daar het ons drie maande vir 'n skip huis toe gewag, want die oorlog was pas verby en al die bote is gebruik om soldate en mense wat in kampe was, na hulle geliefdes terug te neem.

"Ek het aan die begin van 1946 ingeskryf vir admisssie tot die Sending-Instituut by die ou Hugenate Universiteitskollege op Wellington. Ek was te oud om "gedoop" te word, maar het toegestem toe die Doopkomitee my gevra het om saam te speel. Toe ons moes vertel hoe ons afskeid geneem het van ons "meisie," het ek vertel hoe my laaste soen in Bombaai 'n 'five minute

Vervolg op bladsy 9

Kosbare groter plan

Adv **Gideon Joubert** (S94,95) het laat weet dat dit vir hom en sy vrou, **Mariza** (Botha, S94,95) so lekker is om **Stappie** te ontvang en te sien dat Atlete steeds deur God gebruik word.

Gideon is sedert 2007 dosent in Regswetenskap en Privaatreg aan die Universiteit van Venda nadat hy ook op Stellenbosch en UWK klasgegee het. Hy is in 2001 deur die Hooggeregshof van Suid-Afrika tot die balie toegelaat.


Gideon skryf: "God is steeds goed vir ons gesin hierbo in die verre noorde (Louis Trichardt) en verlede jaar het ons weer eens 'n geskenk van Bo ryker geword. Maureen is op 25 Junie op die 12de verjaarsdag van haar oudste boetie, Daniël, gebore! Ons is so dankbaar vir dié vyfde natuurlike geboorte sonder enige probleme – 'n gesonde babatjie. Maureen is vir ons 'n groot vreugde saam met haar boeties en sussie en ons geniet ons gesin terdeë. Ons het Maureen nie beplan nie, maar God het groter planne as ons s'n en ons is so bly daaroor! Mariza het voorlopig die onderwys laat staan om eers die baba groot te maak."

Gideon help ook by die plaaslike laerskool om baan- en veldatlete af te rig. Hy is ook baie trots op sokkerspan.



Die Jouberts toe Mariza ingeseën is. Gideon (S94,95) en Mariza (S94,95) en die kleinspan (Daniël 12, Johannes 10, Gideon 7, Phoebe 4, en natuurlik Maureen)

Baie trots



Janneke Marais (P12) is ook een van die tweede geslag Atlete wat vanjaar saamtoer. Sy is die dogter van dr **Frederick Marais** (A78,79). Frederick was in sy laaste toerjaar oor leier van *Atlete vir Christus*. Janneke se kursus sal haar 'n graad in maatskaplike werk besorg.

Wou van toe af dit doen



Tydens *Atlete vir Christus* se besoek in 2001 aan Cradock, het **Hanri van Niekerk** (S12) besluit dat sy deel van hierdie groep wil wees. **Almarie** (van Zyl) **Fourie** (A99,01) en **Grethe** (de Bruyn) **le Roux** (S01) het daardie aand by die gesin tuisgegaan.

Tweede geslag



Hier is die tweede geslag Atlete wat vanjaar saamtoer: Voor vlnr: Marnu Meyer, Tina Meyer, Janneke Marais, Stefaan Marais. Middelste ry: Chrisna Kellerman, Johan Kellerman, Jana Meyer. Agter: Henk Lauscher, Manfred Köstens



Tydens die Kenmekaarkamp by Wemmershoek lyk dit of die ongeWraaktes dink die toer kan pret wees. Om die tafel van links: Valma de Kock, Janneke Marais, Stefaan Marais, Martin Becker, Marnu Meyer, Nikki Fivaz, Gideon Swanepoel en Faf (Francois) du Plessis met sy kop na die kamera toe. 'n Mens kan sien Marnu en Nikki isreeds gewraak.

Hoe kan 'n mens?

“Man, dit was nou lekker om 'n bietjie tyd opsy te sit en deur die **Stappie** te ‘blaai’,” laat weet **Christoph Schulenburg** (A93,94,95). “Dit gaan goed hier. Ons sit in die naloop van die natste seisoen op rekord op Hakboslaagte. Orals is meer as 1000mm gemeet van Augustus tot Julie verlede jaar. Die langtermyn gemiddelde is net so onder 700mm! Dit het ook sy nadele met versuipkolle in die lande en parasietladings op die vee, maar die voordele is natuurlik ontsaglik baie. Net die watertafel alleen ... ons het vandag 'n windpomp se pype laat sak – 'n paar jaar gelede was die water seker goed 15m van die oppervlak af, vanmôre net 5m. Dis heerlik!

“Ons drie kinders is pragtig (as ek dit nou self mag sê!). Anke is in Graad 2 en geniet die skool. Sy verskaf ons regtig baie plesier met haar pligsgetroue karakter. Sy is een van daai waaroor die juffrouens vrek! Sy hou van skoolwerk en genadiglik kom dit alles maklik vir haar.

“Alec is in sy tweede jaar op kleuterskool. Ons vat hom so 3 dae per week. Die hoofdoel is maar om Afrikaans aan te leer, en hy is darem al heel behendig daarmee (*Christoph-hulle praat meestal Duits in die huis – Red.*). Hy is egter die kind in ons huis wat 'n bietjie anders is ... baie harregat! (*Dan aard hy mos na sy pa – Red.*). En dan praat hy die blou van die hemel en die bruin van die grond af! (*weer eens seker genetika – Red.*), met sulke onbenulligheide! Wel, ons sal hom ook grootbid!

“Emma is nou 19 maande en bright as a button! Dis natuurlik ook ousus en ouboet wat haar saamtrek met die ontwikkeling. My ma laat weet sy sit vanmôre op die stoep en sing uit volle bors en helder stem ‘Nkosi Sikelel’ iAfrika’, 'n groot hit in ons huis ná die wêreldbeker en daai advertensie van die meisie wat die woorde vergeet.

“Ek en Senta is gelukkig getroud, dank die Here! Ek dink ek het soms gewonder of dit binne my vermoë is om 'n huwelik te betree. Ek dink Senta het soms gewonder of dit binne haar vermoë is om in die huwelik te bly☺! Maar met baie genade is ons vandag ná amper 10 jaar nie net nog saam nie, maar wel gelukkig. Sewentig maal sewe sakke sout en vergewe verder, soos ek glo dit in meeste eerlike verhoudings nodig is. Die skaafwerk was taai, maar nou is die vrugte daarvan heerlik! Vir my is dit die naaste aan hemelse liefde wat jy op aarde sal vind, naas natuurlik die liefde wat 'n mens vir jou kinders voel. Om sonder voorbehoud lief te hê en liefgehê te word, vat baie vertroue en geloof in daardie persoon, en hoop vir wanneer dit nie so goed gaan nie. Die Here is goed vir ons.

Ek het my begeef in 'n stryd met die plaaslike munisipaliteit. Ek dien in 'n forum wat probeer om hulle 'n bietjie



Christoph saam met sy drie kinders, Anke, Emma en Alec

in die bek te ruk oor hulle vergrype en doodeenvoudig patetiese bestuur van sake. En ons probeer om die instelling van eiendomsbelasting op landbougrond uit te rek, totdat hulle aan al die vereistes van die wet voldoen – so 'n dubbel-snydende swaard, as jy wil. Nou moet ek net sorg dat die motivering suiwer bly, want ek glo ons het baie grond om op te staan. Ek is voorsitter daar, en ons probeer om al die Boereverenigings, Sakekamer en Inwonersvereniging se kragte saam te gooi. Om egter almal in dieselfde rigting te bly trek en nie gekeer te word deur 'n bepaalde politieke oortuiging en motivering nie is vir my baie belangrik. Ek bid maar deurlopend vir leiding wanneer ek 'n kans het. Of ons suksesvol sal wees, sal die tyd leer, maar ek kan nie sit en niks doen terwyl onder andere rou riool in die rivierlope inborrel en die munisipale bestuurder vir homself 'n prestasiebonus uitskryf nie. Hoe kan 'n mens?’’

Dankbare heimwee

“Dankie weer eens vir **Stappie** – ek waardeer so die inisiatief wat jy neem en die groot moeite wat jy daarmee doen, skryf **Norman Burger** (S75,76,77).

“Oom Bol, ek het met groot genoegdoening ... en 'n bietjie heimwee ... Deon Meyer se bydrae oor jou en jou besondere bydrae tot Atlete gelees. Elke woord is waar en dit verwoord maar wat in my hart ook is. Jy is 'n besondere en uiters begaafde mens en het in my eie lewe 'n baie groot invloed gehad. Ek het so baie by jou geleer! Jou pretensielose egtheid, skerp sin vir humor, jou diep insig in die Woord en die lewe en mense ... het my lewe verryk.

“Baie dankie vir die diep spore wat jy in my lewe getrap het. Ek het die mooiste herinnerings van wonderlike tye saam en dink dikwels met groot dankbaarheid daaraan. Ek waardeer jou!”

By die staalreus

Karlwim Heese (A87,88,90) is aangestel as die Bestuurder: Besigheidsontwikkeling en -Verbetering by ArcelorMittal op Saldanha. Hy was vroeër in die bestuurspan van hierdie staalreus Ingenieursbestuurder en ook Onderhoudsbestuurder. Karlwim is getroud met **Margarete** (Van Eeden) (P85,86, 87,A88). Margarete was die eerste meisie wat vir *Atlete vir Christus* gedraf het.

Karlwim draf steeds en het verlede jaar in die ArcelorMittal Saldanha Halfmarathon 47ste oor die wenstreep gedraf. Karlwim is daarby 'n ywerige (natuur)fotograaf en het reeds kompetisies gewen, onder meer van SANParke. Karlwim herstel tans goed na 'n reeks chemobehandelings.



Janco, Margarete, Karlwim en Arné Heese

Voortoerkamp in Mosambiek

Die voortoerkamp van vanjaar se toer word op Ponta Malongane in Mosambiek gehou. Parque de Malongane is 'n gewilde scubaduikoord. Dit is 14 km noord van die Kosibaai-grenspost.



“Dis paradys daar,” sê **Andries** (Staal) **Burger** (A89,90,91) by wie die idee ontstaan het om die voortoerkamp daar te hou. Hy sê: “Ek en die bestuur by die oord se verhouding is baie goed en ek is seker ek sal

alles kan reël.” Die toer begin die Maandag op Pongola. Die afskop-erediens is ook die Sondag op Pongola. Die oord is so 3 uur se ry van die grens af. Met die oog op die voortoerkamp is moet elke Atleet ook 'n paspoort hê.

Andries is tans die operasionele bestuurder by Silverbridge in Pretoria, 'n voorsiener van rekenaarsagteware, onder meer vir Metropolitan en Absa. Hy sê dat hy baie daarna uitsien om die volk op Malongane te ontvang.



Andries Burger

Dominee in Japan

Dr **Stephan van der Watt** (A96,97) het sy Japannese taalstudies afgehandel en is sedert Maart 'n predikant in Japan.



Stephan en Carina saam met Annalie, Cornelius en Lodewyk

Hy vertel dat hy een oggend 'n paar weke gelede Cornelius (sy tweejarige seun) tussen die stoele onder die kombuistafel kry, en sê: “Speel jy lekker daaronder?” waarop hy antwoord: “Daar is 'n aardbewing!” Gelukkig was daar toe nie een nie, maar hulle oefen reeds lank aan ons plan van aksie indien 'n ramp gebeur, en hy is blykbaar slaggereed. So tussen die lag deur was sy woorde 'n tydige herinnering aan een van die moeiliker werklikhede van hulle lewe in Japan, waarvoor hulle altyd waaksaam is. Die wete is versterk toe Stephan later oppad was na die plaaslike immigrasiekantoor (geleë naby die hawe), en hy hoor hoe die radio-omroeper verduidelik hoe om beserings te voorkom tydens 'n aardbewing ... en toe, net buite die kantore, kyk hy vas in 'n kaart met 'n stap-vir-stap verduideliking waarheen om te vlug indien 'n tsunami in daardie gebied sou voorkom.

Sondag 11 Maart was 'n somber herinneringsdag aan die verskrikking van een jaar gelede. Tydens die erediens in Tokushima het Stephan in Japannees iets uit die Bybel en uit sy hart oorgedra oor die Lig van God in ons alledaagse worstel en seer, en veral in die lig van die duistere gebeure van 11/3/2011 in Japan.

Toerroete vir 2012

Hentie en Jana, volgende jaar se toerleiers, het die toerroete vir 2012 bekend-gemaak. Daarvolgens gaan die span 1 852 km in die drie weke aflê. Die toer begin in Pongola en eindig op Calvinia. Die langste skof is net minder as 16 km en die kortste net minder as 5 km (maar, bygesê, dit is daardie dag bo-oor die Drankensberg van Natal na die Vrystaat toe). In totaal het Atlete oor die jare al meer as 75 000 km vir die een of ander sendingprojek afgelê. Die is onbekend hoeveel geld oor die jare ingesamel is.

1	Ma	2 Julie	Pongola		Louwsburg	
2	Di	3 Julie	Louwsburg		Vryheid	63
3	Wo	4 Julie	Vryheid	Dundee	Newcastle	143
4	Do	5 Julie	Newcastle		Memel	49
5	Vr	6 Julie	Memel	Warden	Reitz	146
6	Sa	7 Julie	Reitz	Bethlehem	Senekal	123
Week 1 Totaal:						596.5
7	Ma	9 Julie	Senekal	Marquard	Winburg	96
8	Di	10 Julie	Winburg	Brandfort	Bloemfontein	118
9	Wo	11 Julie	Bloemfontein		Petrusburg	83
10	Do	12 Julie	Petrusburg	Jacobsdal	Kimberley	137
11	Vr	13 Julie	Kimberly	Campbell	Douglas	152
12	Sa	14 Julie	Griquastad		Groblershoop	138
Week 2 Totaal:						725.1
13	Ma	16 Julie	Groblershoop	Upington	Keimoes	159
14	Di	17 Julie	Keimoes		Kenhardt	78.5
15	Wo	18 Julie	Kenhardt		Brandvlei	143
16	Do	19 Julie	Brandvlei		Calvinia	150
Week 3 Totaal:						530.5

Toertotaal 1852,1 km

Gemiddelde afstand per atleet per dag 11,6 km

Bobbejaan-kenner



Dr **Elzette** (de Villiers) **Jordan** (P76,77) is as bobbejaan-kenner en veearts van die Kaapstad-Munisipaliteit gereeld in die nuus vanweë die probleme wat bobbejane in die Skiereiland en veral by Kaappunt veroorsaak. Sy is die Stad Kaapstad se verteenwoordiger in die Bobbejaan-beheer Komitee vir die Kaapse Skiereiland. Met die oog op die vakansieseisoen het Elzette besoekers aan die skiereiland gewaarsku om van die bobbejane weg te bly. Mense moet ook onthou dat bobbejane motordeure kan oopmaak en by oop vensters kan inklim. As mense die bobbejane nie die idee gee dat hulle 'n

bron van kos is nie, het die bobbejane 'n toekoms in die Skiereiland.

Boer soek 'n vrou

Pieter Duminy (27) was een van die gewildste jong boere in kykNET se reeks *Boer soek 'n vrou* in 2010. Hy het destyds gou besef sy droomvrou is nie onder die deelnemers nie. Min het hy geweet sy is die hele tyd reg onder sy neus! En in Februarie het die leeuboer van Frankfort in die Vrystaat sy plaasklere vir 'n troupak verruil.

Hy het al 'n paar keer gesê hy sal dadelik weet as hy sy trouwvrou sien. Dit is vir hom ononderhandelbaar dat sy droomvrou eerlik moet wees, hom moet vertrou en bo alles 'n opregte en diep geestelike verhouding met die Here moet hê. "Alles vloei eintlik uit jou verhouding met die Here. As sy God respekteer, sal sy my respekteer."



Hannes Haggard *Grethe le Roux*
Pieter en Yolandi is deur ds **Hannes Haggard** (A79) van Hennenman-Oos op Klerksdorp getrou. Die bruidsrak is deur Lady Marmalade, **Grethe** (de Bruyn) **le Roux** (S01) se omvattende bruidsonderneming op Stellenbosch, ontwerp en gemaak.

Hannes dien ook in die Dagbestuur van Missie Japan, die NG Kerk se sendingwerk in Japan waarby dr **Stephan van der Watt** (96,97) as sendingleier betrokke is.

Bydrae

Atlete vir Christus draf weer vanjaar om fondse bymekaar te maak om Bybelstudiegids in tronke beskikbaar te stel. Hier is die nodige inligting as jy 'n bydrae wil maak:

Atlete vir Christus
Rekening: 410 150 751
ABSA Stellenbosch
Takkode: 334 410

Uiteidelik!

Stefaan Marais (S12) doen vanjaar Honneurs in Logistieke bestuur en is ook hoofmentor van Huis Visser. Hy is ook een van die tweede geslag Atlete wat vanjaar toer. Hy sê dat hy dankbaar is dat hy deel van *Atlete vir Christus* kan wees! Hy vertel: “Ek weet die Here het elke jaar ’n wonderlike plan met Atlete, en ek wil graag deel van hierdie ‘Vlamdraers’ wees. Ek sien vreeslik baie uit om saam met mense wat een in Gees is saam te beweeg, en so die Woord te verkondig.

“My pa (ds **Pierre Marais**, A80,T91) is baie opgewonde dat ek uiteinde-lik die toer doen, dus het ek van hom ook aanmoediging gekry!

“Ek sou sê (of hoop!) ek is redelik gebalanseerd, met ’n voorliefde vir musiek, sport, mense en laaste maar nie die minste nie, die Here.

“Ek kan nie wegkom van die musiek nie, en ons as gesin en familie is mal daaroor om saam musiek te maak. My sport is vir my baie belangrik, want ek voel ’n ‘gesonde liggaam huisves ’n gesonde verstand’, en so het ek lief geraak vir atletiek, tennis, hokkie, bergklim en enige ander sport wat die hart vinnig laat klop!

“Ek is baie mal oor mense, en hou daarvan om nuwe mense te ontmoet en te leer ken. Die mense wat die Here in my lewe geplaas het, kleur my lewe so in; ek kan dit nie sonder hulle indink nie!

“En dan my liefde vir die Here. My ouers het redelik van kleintyd af ons verhouding met die Here begin bou, en ek kan hulle net innig dankbaar wees daarvoor. Ek het Hom baie lief, en geniet sy werke net elke dag al hoe meer.”



Stefaan sit tweede van links. Saam met hom is sy ander gesinslede, van links: Huldie, Mias en sy ouers, Pierre en Mona

Dosent

Carlien (van der Westhuizen) **van Wyk** (P94,95), wat met **Barry van Wyk** (A95) getroud is, het verlede jaar op Stellenbosch haar doktorsgraad behaal. Die onderwerp van haar verhandeling is “Beroepstres en streshantering by maatskaplike werkers wat betrokke is by intervensie met seksueel misbruikte kinders.” Sy is tans senior lektor by die Sentrum vir Kinder-, Jeug- en Familiestudies in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe van die Noordwes-Universiteit se Wellington-kampus.

Barry en Carlien ➔

Klein bietjie hemel

Jana Meyer (P10,11,12), vanjaar se toerleidster is ook ’n tweede geslag-Atleet. Haar pa is **Deon Meyer** (A77,78,79). Haar hoop vir vanjaar se toer is dat die mense met wie die groep in aanraking gaan kom, hulle met oop harte tegemoet sal kom, sodat hulle deur



die getuie-nis van die klein bie-tjie hemel wat hul op *Atlete vir Christus* ervaar, mense sal kan aan-raak. “Ons

hoop om in die gevangenes se harte hoop te bring, met ’n besef dat God hulle nie verlaat het nie en dat die samelewing hulle nie verwerp het nie.

“Wat jy is, is God se geskenk aan jou; wat jy met jouself doen, is jou geskenk aan God. Ons hoop vir hierdie jaar is dat elkeen doen wat hy of sy kan om God se Woord te verkondig – met die spesiale talent wat God aan elkeen gegee het. Dit is uit hierdie gee van jouself wat jy die meeste vreugde kry. Ons hoop dat God deur ons sal werk om ’n verskil te maak en net weer ’n herinnering sal wees van wat ons doel op aarde is. 1 Johannes 5:10 verseker ons mos: “Wie in die Seun van God glo, besit die getuienis in sy hart.”



Algerië

Aan die einde van verlede jaar het **Beau de Klerk** (S01) 'n oproep van sy gemeente-leier gekry waarin hy hom vra om bid oor 'n belangrike saak. Die saak vereis dat hy baie van sy gemak moet prysgee en groot gevaar moet trotseer. Voordat daar vir hom gesê is wat dit behels, moes hy en sy vrou eers gaan bid oor die saak, sodat hulle nie sou skrik as hulle hoor wat die uitdaging is nie. Hulle het dit gedoen en totale vrede van die Here ervaar.



Beau vertel: “En toe kom die opdrag: Julle moet as deel van 'n span uitreik na Algerië (Noord-Afrika) om vir ongeveer twaalf dae te bid vir 'n geslote area in een van Algerië se grootste stede. Die stad is Ghardea en lê in die noorde van die land, met ongeveer 1 miljoen mense en net 7 000 Christene. Binne in die stad is nog 'n geslote stad met mure om, baie geheimsinnig en baie beskerm van die buite wereld. Elkeen van die 19 000 mense binne daardie stad leef in 'n Islam-tronk, geen kontak met die buite wereld, geen selfone, geen kameras, geen tegnologie en moet daaglik gebuk gaan onder die geharde reëls wat hulle geloof op hulle afdwing.

“Die vroue ly die meeste daaronder, hulle mag met niemand praat nie, mag uit slegs een oog kyk (in fact dit is al wat onder hulle klere mag uitsteek), hulle mag nie by mekaar kuier en tee drink of enigiets doen as hulle mans dit nie goedkeur nie – niks anders as slawe wat kinders moet grootmaak nie.

“Die Mosliems is baie trots op hierdie geslote stad en verwys daarna as hulle eie Islam-sekte, mense wat tot die fynste detail getrou is aan die godsdiens. Dit is na hierdie area wat die Here ons stuur om te gaan bid. Hoekom nie sommer net vanuit Suid-Afrika bid nie, mag jy dalk vra? Ek weet nie, ek het nie die antwoorde nie, maar ek weet dat ons gestuur is en ek weet dat gehoorsaamheid nie altyd sin maak in die opdrag-fase nie, maar later sal ons kan terugkyk en besef wat die Here se plan was.

“Die opdrag behels dat ons van die 18 April tot die 1 Mei weg sal wees en deur areas beweeg waar ons lewe in gevaar mag wees en ons vervolg mag word vir ons geloof. Dit behels verder dat ons in gagga plekke mag oorbly wat anders is as die skoon badkamers en sagte matrasse waaraan ons gewoond is. Dit behels dat ons afstand moet doen van vrees vir die dood en vervolging en bereid moet wees om *bold* te wees vir Christus. Hier in die Weste is dit mos maklik om te sê dat ons Christene is ... in Algerië beteken dit jy kry nie werk nie, jy het nie vriende nie, jy kan nie maklik koop of verkoop nie, jy mag nie eiendom besit nie – en so kan die lys aangaan. Ons gaan daardie 7 000 gelowiges aanspoor om aan te hou glo, vas te hou aan die Woord van Jesus Christus en ons gaan bid vir Christus se Lig in daardie stad.

“Ons is oortuig van ons saak, maar benodig soveel gebed as wat ons kan kry. Die Woord is duidelik dat die gebed van gelowiges 'n kragtige uitwerking het en ons vra elkeen om asseblief vir ons in te tree in hierdie verband.

“Natuurlik is daar altyd fondse ook nodig om 'n uitreik soos hierdie te maak werk, en daarvoor vertrou ons ook die Here volkome.

As jy meer inligting nodig het, kan jy vir Beau kontak - 082 453 4655 of provide@inhisfootsteps.co.za

Die bankbesonderhede is: SWB de Klerk, Standard Bank Tyger Manor 05 04 10 41; Lopenderekening 07 198 4305. Verwysing: Algerië.

Pa is baie bly

Manfred Köstens (A12) van Paarl is ook 'n lid van die ryk oes tweede geslag Atletes wat vanjaar toer. Hy is **Reinhardt Köstens** (A78,79) se seun. Manfred is vanjaar 'n derdejaar en is besig met BComm Bestuursrekeningkunde.

Manfred het aan **Stappie** gesê dat hy al baie van Atletes gehoor het, veral omdat sy pa dit twee keer gedoen het. “My pa is baie bly oor die feit dat ek die toer gaan meemaak. Hy ondersteun my baie en het my aangemoedig om in te skryf.” Manfred beskou die toer as 'n geleentheid om geestelik te groei, maar ook as 'n manier om sy grense te verbreed en homself fisiek te toets waartoe hy in staat is. Hy kom maklik oor die weg met enigiemand. Daarby is hy 'n groot sportfanatikus. Hy vertel dat hy altyd oor alles ingelig wil wees en daarom sorg hy dat sy algemene kennis so breed as moontlik is.



Manfred en sy pa

Stappie

Die volgende uitgawe van **Stappie** kom aan die begin van Junie net voor die toer uit. Laat gerus van jou hoor. Blouvilleweg 56, Wellington 7655
Sel: 079 524 4541
Epos: diebolle@patat.co.za

Plaaskind toer saam

Henk Laubscher (S12) is tans 'n tweedejaar ingenieurstudent in die meganiese rigting. Sy pa, **Kobus Laubscher** (A75,76) was in die heel eerste en tweede Atletegroep.

Henk sê dat sy verwagtings van die toer oop is vir enige ervaring. Hy sal ook sy mede-Athlete beter wil leer ken. "Dit sal ook vir my persoonlik 'n baie verrykende ervaring wees aangesien dit my eerste keer is dat ek saamtoer. My pa is baie bly dat ek vir die toer gekeur is. Hy sê dat ek dit moet geniet en Athlete se naam hoog hou. Henk het aan Stappie vertel dat hy 'n rustige plaaskind is wat baie van die natuur hou en ons Vader al male sonder tal in die natuur beleef het soos nog min.

Henk en Kobus Laubscher ➔



Oom Bombaai (vervolg van bladsy 1)

was. Die volgende dag moes ek dit demonstreer -- ongelukkig nie op 'n dame nie. Die 'Five minute special' het toe die 'Bombay Special' geword. So het almal my Bombaai genoem: My handelsmerk, min mense ken my regte naam (Helgard)."

Oom Bombaai se eerste gemeente was Seleka in die Waterberg-Bosveld. Vandaar is hy Vredenburg toe. Daarna was hy Die Suid-Afrikaanse Gestig (oudste gemeente van die VGK) se leraar. Toe is hy na Wellington beroep. "Terwyl ek daar was, het die studente van die Hugenote-Kollege en die Wellingtonse Onderwyserskollege my by hulle CSV-byeenkomste en -kampe betrek. Van die studente op Stellenbosch het ons ook ingespan. In 1964 is ons na die Moedergemeente in die Strand beroep. Vir my was dit 'n groot voorreg om vir etlike jare die CSV se kampe vir hoërskoolleerlinge in die Suid-Kaap te bedien. Met die afstigting van Suider-Strand is ek daarheen beroep. Ds Solly Ozroveh, 'n ou studentevriend, was op Strand-Noord Gordonsbaai. God het ons en ander gebruik om Disakloof vir die Ring se Jeug te koop.

Dit is terwyl ons in die Strand gedien het, dat ons by die *Athlete vir Christus* betrokke geraak het. Met ons vetrek na Beaufort-Wes het ons 'n bietjie kontak met die Bolandse jeug verloor. Ons het dit baie gemis. Maar die herinnerings bly kosbaar. Wie kan saam met die Athlete toer en vergeet?

In 1989 moes ons emeriteer. Toe gaan woon ons in Stellenberg. Ons het wel afgetree, maar nie uitgetree nie. Ná die skof in Skotland was ons skaars terug in Stellenberg, toe is ek gevra of ek nie in die gemeente van Digtebij in Kuilsrivier wil kom help nie. Daar het ek en wyle ds Derick Conradie van Stellenbosch vir ongeveer 8 jaar die gemeente help bedien. In daardie tyd het ons twee keer Romenië toe gegaan om Dissipelmakerkursusse in die Hon-gaars Gereformeerde Kerk aan te bied.

Teen die einde van 1999 kry ek 'n oproep uit Wes-Transvaal van ds Japie du Plessis van Delaryville gekry, om te vra of ek nie in die Moedergemeente van Ottosdal sal kom help nie. Na 25 maande het die Ring opdrag gegee dat die gemeente weer moet beroep, en toe is ons met volgelaai motors daar weg. Lank nog aan die vleis en koekies gesmul. Hulle het nog 'n skaap agterna gestuur.

'n Kort rukkie by die huis, toe kom daar weer 'n oproep van ds Japie du Plessis, of ek nie in Oosterlig, 'n gemeente in Vanderbijlpark, kan kom help nie. Ons was nie lank by die huis nie, toe is ds Japie weer op my spoor. Die gemeente Nietverdiend, tussen Zeerust en Gabarone, het dringend 'n leraar nodig. Dis nie 'n dorp nie, maar daar is 'n mooi kerk en 'n groot pastorie. Dis Bosveldwêreld en 'n mens moet in die aand oppas vir koedoes op die pad. Na sewe maande is ons met mooi herinnerings weg, want ons

seun in Ierland, het ons genooi om op sy koste vir drie maande te kom kuier. Wel, ek het toe gedink nou sal niemand meer in die ouman belang stel nie, toe bel ds Japie weer om te vra of ek nie op Ventersdorp by die Oos-gemeente sal kan help nie. Soos by al die gemeentes, sê ek dat hulle in die kontrak moet skryf dat ons weder-syds vir mekaar twee maande mag kennis gee. Ek het my 85ste en 86ste verjaardag daar gevier. Toe het ek en die Tannie teruggekeer na Serenitas in die Strand. Rustig gebly en af en toe gepreek. Gedink niemand sal meer in so 'n ou man belang stel nie.

Toe, einde 2011, besoek 'n afgetrede Metodiste predikant my. Hy vertel van 'n klein Engelse gemeentetjie op Ladismith. Hulle is 30 lidmate en soek iemand om hulle te versorg. Na baie gebede het ons op 17 Februarie 2012 in die "Manse" ingetrek en daardie Sondag my intreepreek gelewer.

Ek moet met groot dank teenoor die Here getuig, dat Hy my nog gesond gehou het om Sy werk te kan doen. Dan moet ek baie dankie sê vir die lewensmaat wat die Here my gegee het. Tannie San het nog nooit teengepraat as ek gevra is om vir die Here te gaan werk nie.

Vestig wêreldklas onderneming

Meatco vorm vir meer as 20 jaar die ruggraat van Namibië se magtige vleis-bedryf. Op 25 Julie verlede jaar het Namibië se Minister van Landbou, Water en Bosbou, mnr John Mutorwa, aangekondig dat die Kabinet besluit het Meatco moet binne 'n koöperatiewe sakemodel die eiendom van Namibië se veeprodusente word. Meatco het op 'n massavergadering in Windhoek toestemming van sy lede gekry om 'n verteenwoordigende werkgroep saam te stel wat voor 30 November 2011 die nuwe koöperatiewe struktuur moes ontwikkel. Produsente het ook tydens hierdie vergadering ingestem om die bestaande mandaat oor eienaarskap so uit te brei dat die Regering aandeel in die nuwe Meatco sal hê.

Een van die tegniese kundiges in hierdie werkgroep was **Stephan Bester** (A92,93,94,95,96). Stephan was in 1995 en 1996 leier van Atlete. Stephan se vrou **Liesl** (Wessels, P93,94,95,96) was ook in daardie twee jaar die leidster.



Die tegniese kundiges wat deel gevorm het van die Meatco-werkgroep is van links mnrre Stephan Bester, Hartmut Ruppel, Duncan Adriaans en Chris Bredenhann. Regs is mnr. Nico Weck, Meatco se hoof finansiële beampte.

Foto: Die Republiek

Die werkgroep het in drie weke die struktuur vir Meatco se eienaarskap opgestel om 'n mededingende, wêreldklas koöperatiewe onderneming te vestig. "Dit is belangrik dat ons besef ons gaan almal verloorders wees as ons nie bo ons individuele en groepverskille kan uitstyg nie," het die voorsitter van Meatco se direksie, me Clara Bohitile, gemaak voordat die groep met sy werk begin het.

Die werkgroep wat die operasionele struktuur en regsraamwerk bepaal het, het bestaan uit vier lede van Meatco, twee lede elk van die drie landbou-unies wat die kommunale, ontlukende en kommersiële produsente verteenwoordig, asook twee produsente elk uit die noordelike en suidelike kommunale gebiede, twee ontlukende en twee kommersiële produsente. Daarbenewens is Hartmut Ruppel en Ray Rukoro van Lorentz Angula Ingelyf, Chris Bredenhann en Duncan Adriaans van Pricewater-houseCoopers en Stephan Bester van Conradie Geïnkorporeer vir sy regstegniese en koöperatiewe kundigheid betrek.


Wêreldkonferensie op hande



Dr **Marie-Lena** (Kotze) **de Beer** (S77) is verlede jaar verkies tot sekretaresse van die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Voortplantingsmedisyne en Ginokologiese Endoskopie (SASREG). Dit is 'n driejaar taak. In hierdie tyd (2013) sal die vereniging ook gasheer wees vir die wêreldkonferensie van Ginokologiese laparoskopiste in Kaapstad.

Dr Marie-Lena de Beer

Vinnige meisie



Winia (Fischer) **Janse van Rensburg** (A98), is 'n senior lektor in die Departement Belasting aan die Universiteit van Pretoria. Sy het Tuks Atletiek verlede jaar in die 56km Two Oceans-marathon in Kaapstad verteenwoordig. Sy het sewentiende in die vroue-afdeling geëindig met 'n tyd van 4:12:29. Sy het ook op 2 Mei aan die 42km Wally Hayward-marathon deelgeneem en die vroue-afdeling gewen met 'n tyd van 03:06:44. By die jaarlikse prysuitdeling van Tuks-Aletiekklub het sy 'n toekenning gekry as die tweede beste vrou-atleet in die marathon- en ultra-marathon-afdelings.

Huisgenoot



Nadat hy verskeie joernalistieke poste by Media24 beklee het, is **Wicus Pretorius** (S91,92,93) tans adjunkredakteur van Huisgenoot en is daarom ook nou gereeld te sien in kykNet se Saktyd.